**Dinsdag 10 Desember**

| Skrifgedeelte: Jesaja 41:1-13; Openbaring 1 | Fokusgedeelte: Openbaring 1:7 |
|---|---|

## Jesus verskyn met almag tot verlossing en oordeel (4)

*Wat gebeur wanneer die Here kom?* Hy gaan meteens in sy volle majesteit verskyn: in die luister van lig en heerlikheid en majesteit soos wat geen mens ooit beleef het, of hom kan indink nie. Elke oog gaan Hom sien.

Die majesteit van die Here se wederkoms het sy strale ver vooruitgestuur: Johannes het dit al vir ons gesien en geboodskap. Die Here is in sy skitterende majesteit in aantog. Maar daarom moet ons ook ernstig wees met hierdie saak! Is ons voorbereid op die koms van die Here?

Die Here kom in sy krag; in sy Drie-Eenheid. Hy gaan tyd en weerstand voor Hom wegvee. Sy koms is een daad van oordeel en genade. Daarom waarsku die Here ons: ons gaan Hom almal sien. Ons en ook dié wat al dood is. Tot dié wat die Here gekruisig het! U sal nie twyfel nie. Dit sal onmiskenbaar die Here wees.

Kyk na die genade: Die brief begin daarmee dat die Here sy genade en vrede oor die gelowiges uitspreek. U moet volhard in die geloof, want die genade en vrede van die Here is aan die kom. Wanneer die Here self kom, is dit meteens ’n volmaakte werklikheid.

Ons ken die boodskap uit Hebreërs 6:17-18: *“Daarom het God, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met ’n eed gewaarborg; sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê ...”*

*Sing: Skrifberyming 1-1:3*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*